


NG Kerk Vier Ankers se
# Ankerglans
Kwartaal 4 - 2020

Sasolburg

Covid 19 - Desember 2020

Uitgawe 24


# Die kerkorrel, klavier, trompette en sang het saam gejubel, want dis *Kersfees*!

Wanneer Susan Smook se entoesiasme, organisatoriese - en deursettingsvermoë saamgevoeg word by die musiek talente van Franz (orrel, klavier en solo-sang), Vivian en Roelf (trompet) dan kry jy 'n ware Musiek- en Sangfees.

**'n Fees binne 4-Ankers se kerksentrum!**

Die nuut geïnstaleerde klanksisteem het ook gehelp om die musiekfees tegnies te ondersteun. Hierdie musiekuitvoerings het 'n groot deel gevorm van vanjaar se maskerbasaar. Gelukkig is die dae se optrede in digitale formaat opgeneem. Dit sal binnekort in DVD-formaat beskikbaar wees. 'n Groot dankie aan almal se aandeel om van hierdie fees, ten spyte van die grendeltyd, so 'n besonderse ervaring te maak.

Susan



*Dankie, Susan, Franz, Vivian en Roelf! Mag daar nog vele sulke kwaliteit optredes volg.*

20 / 21 November 2020




